*Woensdag* **3 Desember**

**Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 1:1-10**
**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 1:6 (AFR53/83/2020)**

**Aksie, Aksie, Aksie!**

Die HERE het ons geaktiveer om ’n voorbeeld van sy liefde te wees waaroor mense praat. Ons is deur die geloof alleen regverdig voor God gestel. Dit beteken dat jy en ek niks bygedra het daartoe om ’n kind van God te wees nie. Dit is alleen deur die verlossingswerk van Jesus Christus. Hy het aan die kruis met sy liggaam en bloed betaal en ons losgekoop van die sonde en die ewige dood. Dit is God wat ons gekies het om sy kinders te wees. Hy het ons regverdig voor God ons Vader gemaak.

Een van die merktekens dat ons regverdig is deur die geloof in Jesus Christus is dat ons oorgaan tot aksie om ons geloof, hoop en liefde vir die Here openbaar te maak. Paulus dank God vir die gelowiges, die werk van hulle geloof, die inspanning van hulle liefde en die volharding van hulle hoop op ons Here Jesus Christus. Die gemeente was aktief besig om hulle geloof uit te leef.

Die gemeente van Tessalonika het die liefde van God in hulle lewens besef en hulle lewens was ’n bewys daarvan. Daar staan in 1 Tessalonisense 1:6 dat hulle volgelinge geword het van die Here deur die voorbeeld van Paulus en sy medewerkers te volg. Daar het ’n verandering in hulle lewe plaasgevind. Die voorbeeld wat hulle nou gestel het in die samelewing, het die mense aan die praat gehad. Hulle het die liefde wat hulle vir die Here gehad het, duidelik gemaak.

Die mense het nou vertel hoe hulle liefde aan Paulus en sy medewerkers bewys het. Die mense vertel van hoe hulle van die afgode in hulle lewens ontslae geraak het en tot God bekeer het. Die mense vertel hoe hierdie gemeente die Here dien. Die mense vertel hoe hulle die Here Jesus Christus, wat God uit die dood opgewek het, verwag. Wat vertel die mense van ons, van jou?

Die regverdiging in die geloof het hulle daartoe gebring om in moeilike omstandighede oor te gaan tot aksie. Die Here het ons ook deur die geloof geregverdig. Die liefde wat God ons bewys het, moet ons ook daartoe bring om in alle omstandighede die Here aktief te dien. Aksie ...! Aksie ...! Aksie ...!

*Sing: Psalm 31-1:17, 19*

*Ds. R (Riaan) Jansen van Vuuren (Lichtenburg)*